

Case, S.L.: *Explores, Early man, Modern China* en Lewis, B.R.: *Hitler and Nazi Germany* (Almal in die reeks "Knowing world history"). Evans Brothers, London, 1981. Prys R5,50 elk.

Hierdie is vier eksemplare van 'n uiters nuttige reeks publikasies van Evans vir die primêre en sekondêre skooljare. Die sogenaamde "Knowing"-reeks bestaan uit publikasies wat fokus op die Antieke, die Britse Geskiedenis en wêreldgeskiedenis. Laasgenoemde bestaan uit die onderhawige vier publikasies en publikasies oor die Russiese Rewolusie, vroeë Afrika en die slawehandel.

Die publikasies lyk vir my uiters nutting — veral vir die kreatiewe onderwyser — daar is talle foto's, sketse, spotprente, tydkaarte en tabelle wat uiters nuttig gebruik kan word. Verder word sinvolle vrae aan die einde van die hoofstukke gestel. Aan die einde van elke publikasie is daar ook nog wenke vir die onderwyser, aangevul met 'n kort bibliografie. Dit is veral opmerklik dat die stimulusmateriaal uiters goed gekies is en dat die fotoafdrukke en sketse van 'n hoë gehalte is.

Die publikasie oor Hitler kan met groot vrug selfs deur matrikulante gebruik word.

Die "Knowing"-reeks behoort ten minste in elke skoolbiblioteek te pryk. Dit sal egter nog beter wees as van hierdie publikasies in Geskiedenisklaskamers beskikbaar is. Die tyd dat 'n goeie Geskiedenisonderwyser slegs een handboek gebruik is lank reeds verby. Die "Knowing"-reeks is 'n verdere spyker in die doodkis van swak Geskiedenisonderrig.

M.H. Trümpelmann.